

*Sy het dit nie sien kom nie.*

*Ons het vir hom gewag. Hy kom nou-nou, het sy gesê. Maar hy het nie. Net weggebly. Soos gewoonlik. Soos altyd.*

*Toe hy nie op kantoor was nie, het ons maar gaan rondloop. Doelloos gedwaal in 'n konsentriese sirkel in die maag van Adderleystraat. Vida e Caffè-wegneemkoffies halfgedrink weggegooi.*

*Vingermerke op vertoonvensters gelaat. Drie Peter Stuyvesantsigarette by die Somaliër langs Edgars gekoop en voor die Hungry Lion aangesteek. Op pad 'n das afgerem en in 'n oorvol blou asblik met sigaretbrandkollie gegooi. Fok dit. Trui oor die kop getrek en in 'n verbaasde bergie in 'n verweerde wp-trui se hande gedruk.*

*Terug.*

*Spitstyd.*

*Mense wat vlug uit bedompige kantore. By deure uitkom asof die torings agter hulle begin tuimel, verbeter asof Katrina hulle inhaal.*

*Hy sou nie meer op kantoor wees nie. Hy sou ook al gevlug het. Soos gewoonlik. Soos altyd.*

*Moes hom inhaal. Moes met hom praat.*

*Op by die nooduitgang se trappe. Teen die grein.*

*Level 1. Gepeupel.*

*Level 2. Gatkruiers.*

*Level 3. Gatlidders.*

*Level 4. Gatte.*

*Sy blou Audi het verlate op die gewone plek gestaan. Maar toe was sy daar. Sy. Met 'n bos sleutels in haar hand. Vooroorgebuig. Sy het 'n trui bo-oor 'n bloes aangehad en die trui het bly dreig om haar te verswelg.*

*Haar groot, swart handsak met die goue gespes wou*

*aanmekeer van haar arm afgly. Sy het dit woedend neergegooi.*

*Alles het uitgeval, uitgerol en 'n slordige halfkring om haar gevorm.*

*Hy was by haar voordat sy iets op die kar se deur kon uitkrap.*

*Dalk 'n gedig of iets meer makaber.*

*Hy het die lem opgelig voordat sy besef het hy staan langs haar.*

*Hy het haar vier keer gesteek voordat sy sy naam kon sê.*

*Hy het die lem aan haar broek afgegee voordat hy weggestap het.*

*Anna het dit nie sien kom nie.*

*Sy ook nie.*